

Skriflesing: 2 Timotheüs 2:1-13; 4:6-22Teks: **2 Timotheüs 2:9b**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 89:1,2****TYDENS EREDIENS -Ps.18:1,14; Ps.33:7,8; Ps.89:6 Ps.119:39,51****2 Timotheüs 2:1-13 2 Timotheus 4:6-22****2Ti 2:1** Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat ons in Christus Jesus het.**2Ti 2:2** Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.**2Ti 2:3** Dra jou deel van die ontberings soos 'n goeie soldaat van Christus Jesus.**2Ti 2:4** 'n Soldaat in aktiewe diens wat sy bevelvoerder tevrede wil stel, bemoei hom nie met die dinge van die gewone lewe nie.**2Ti 2:5** 'n Atleet wat aan 'n wedstryd deelneem, kan die prys wen slegs as hy volgens die reëls meeding.**2Ti 2:6** Die boer wat die harde werk doen, behoort eerste 'n deel van die oes te kry.**2Ti 2:7** Dink na oor wat ek sê; die Here sal jou insig gee om alles te verstaan.**2Ti 2:8** Onthou altyd dat Jesus Christus, 'n nakomeling van Dawid, uit die dood opgewek is. Dit is die evangelie wat ek verkondig.**2Ti 2:9** Vir hierdie evangelie ly ek verdrukking, selfs in boeie soos 'n misdadiger, **maar die woord van God kan nie geboei word nie.****2Ti 2:10** Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlijkheid kan ontvang.**2Ti 2:11** Dit is 'n betroubare woord: As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe;**2Ti 2:12** as ons in die geloof volhard, sal ons saam met Hom regeer; as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën;**2Ti 2:13** as ons ontrou is – Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie.**2 Timotheus 4:6-22****2Ti 4:6** Wat my betref, ek word alreeds as drankoffer uitgegiet. Die tyd van my dood is voor die deur.**2Ti 4:7** Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou.**2Ti 4:8** Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat met verlanse uitsien na sy koms.**2Ti 4:9** Probeer so gou moontlik na my toe kom,**2Ti 4:10** want Demas het die teenswoordige wêreld liefgekry en my verlaat en na Tessalonika vertrek. Kressens is na Galasië en Titus na Dalmasië toe.**2Ti 4:11** Net Lukas is by my. Gaan haal vir Markus en bring hom saam met jou, want hy kan my tot groot diens wees.**2Ti 4:12** Tigikus het ek na Efese toe gestuur.**2Ti 4:13** As jy kom, moet jy die reismantel saambring wat ek by Karpus in Troas laat bly het, en ook die boeke, veral die perkamente.**2Ti 4:14** Aleksander, die kopersmid, het my baie kwaad aangedoen. Mag die Here hom vergeld vir wat hy gedoen het.**2Ti 4:15** Jy moet ook vir hom op jou hoede wees, want hy het ons prediking heftig teengewerk.**2Ti 4:16** Toe ek my die eerste keer voor die hof moes verdedig, het niemand my bygestaan nie; almal het my in die steek gelaat. Mag God hulle dit nie toereken nie!**2Ti 4:17** Maar die Here het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking tot sy volle reg kon kom en al die heidennasies dit kon hoor. En ek is uit die bek van die leeu gered.**2Ti 4:18** Die Here sal my red van elke onheil en my behoue in sy hemelse koninkryk bring. Aan Hom kom die eer toe tot in alle ewigheid! Amen.**2Ti 4:19** Groete aan Priscilla en Akwila en aan die huisgesin van Onesiforus.**2Ti 4:20** Erastus het in Korinte agtergebly; Trofimus het ek in Milete siek agtergelaat.**2Ti 4:21** Doen jou bes om nog voor die winter te kom. Eubulus, Pudens, Linos, Claudia en al die broers stuur vir jou groete. Die Here sal by jou wees.

2Ti 4:22 Die genade sal by julle wees!

Skriflesing: 2 Timotheüs 2:1-13; 4:6-22

Teks: **2 Timotheüs 2:9b**

Sing: VOORAF SANG

TYDENS EREDIENS -Ps.18:1,14; Ps.33:7,8; Ps.89:6 Ps.119:39,51

Geliefde broeder en suster, môre op die 31ste Oktober 2022, is dit 505 jaar gelde nadat Maartin Luther op 31 Oktober 1517 sy 95 stellinge teen die houtdeur van 'n kerk in Wittenberg vasgespyker het. Ons mag vandag sê vir 505 jaar het die Here reeds die werk van wat gereformeerde-wees moet beteken in stand gehou. Voor hierdie tyd was die kerk vir byna 'n 1000 jaar in duisternis gehul.

Die tyd voor die Reformasie word dan ook nie verniet die donker Middeleeue genoem nie. Die Roomse kerk het die Woord wou vasmaak. Die Bybel was vir die mens op straat 'n geslote boek. Mense was deur die Roomse pousdom aan hulle eie onkunde oorgelewer. Onkunde, ja 'n gebrek aan kennis is op die wreedste manier deur die Roomse hiërargie uitgebuit. Mense het toe maar begin glo dat daar bestaan 'n vagevuur, Maria mag en moet vereer word, sy het ook opgevaar, en jy sal hel toe gaan as jy nie die reëls van die kerk gehoorsaam nie. Die kerklike lewe was eintlik morsdood gedruk. Daar was nie preke wat gelowiges tot dankbaarheid in diens van God sou oproep nie. Nee, mense was deur allerhande skouspelagtige vertonings en seremonies en skilderye aan God herinner, want hulle Bybel moes prentjies wees, die boeke van die leke!

Dis ook op grond van hierdie Roomse beneweldheid dat die belydenis in ons Kategismus V/A 95 vir ons vra- **Mag ons beelde as “boeke van die leke” in die kerkgeboue toelaat?** Dan is ons belydende antwoord 'n duidelike *Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. God wil sy Christene nie deur stom beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig.* Dit is hierdie Woord, die lewende Woord wat ek graag vanoggend saam met u uit die mond van Paulus op Hervormings Sondag verkondig as die Woord wat nie gebind kan word nie. Of soos ons dit letterlik kan vertaal die Woord van God kan nie geboei word nie. Kom ons op drie maniere vanoggend na die Woord kyk, want dit is die belangrikste saak denkbaar vir 'n gereformeerde nl. **DIE WOORD VAN GOD.**

Ons kyk vandag net na 2 vrae - Eerstens hoe mense probeer om die Woord van God te boei. In die tweede plek waarom die Woord van God nie geboei kan word nie.

Hoe mense probeer om die Woord van God te boei.

2 Timotheüs is Paulus se heel laaste brief. Dit is omtrent so 66 n.C. Paulus was 'n gevangene in Rome, in die dodesel, hy was in die boei omdat hy die Woord vry uit verkondig het. Kort na hierdie brief het sy lewe van hierdie aarde verdwyn. Dit mag wees, voordat Timotheüs nog in Efese die posstuk, hierdie brief sou oopmaak, wat Paulus vanaf Rome aan hom gestuur het, dat Paulus toe reeds nie meer gelewe het nie. Paulus was juis baie haastig. Hierdie dringendheid spreek in die brief dat sy geesteskind Timotheüs tog so gou moontlik hom na Paulus moet haas.

Of Timotheüs betyds was, weet ons nie. Dit maak egter geen verskil aan Paulus se brief aan hom nie. Hierdie brief wat ons heel duidelik as in testament-terme kan lees. Soos 'n pa vir sy gesin en kinders 'n testament moet kan nalaat so is hierdie brief Paulus se geestelike testament aan sy geesteskind Timotheüs.

Nog steeds is Paulus deur die Woord vry al is hy diep in 'n dodesel, om hierdie pastorale bemoediging vir Timotheüs te gee. Waar mens eerder sou verwag Paulus moet nou bemoedig word, is hy geen simpatiesoeker nie, nee hy bekommer hom nie oor homself nie, uit die dodesel beywer hy hom vir Timotheüs en die kerk se welsyn.

In dieselfde tyd, dalk nog dieselfde dag, is Paulus se kop van sy lyf af gekap omdat hy 'n gesant van Jesus Christus was. Paulus sterf net soos hy verkondig het hoe 'n mens se lewe moet wees – Romeine 12:1- *dat julle jul liggame stel as 'n lewende heilige en aan God welgevallige offer...*

Tot hiertoe het die mens nog altyd probeer om die Woord van God te boei. Paulus se boei in die tronk, sy onthoofde liggaam, ja mense wat vroeër hulleself as vriende van Paulus voorgedoen het, dit alles is bewyse van hoe die mens is, hoe die mens voortdurend sal probeer om God se Woord te probeer boei. *Demas het die teenswoordige wêreld liefgekry*, (hoeveel Demasse is hier vandag!...hoeveel ken u?), Paulus praat ook

van 'n sekere Alexander, 'n kopersmid wat hom direk baie benadeel het. Hy het dalk as getuie in Paulus se hofspraak ook teen hom getuig. Pasop vir hom! Ons kan nog meer name noem; Paulus noem hulle, hoe die mense hom die een na die ander verlaat het of in die steek gelaat het. Mense wat soos skakels in 'n ketting kan inskakel om God en sy Woord teë te werk. Om God en sy Woord te probeer boei.

Die vraag vandag, is ek nie moontlik ook so 'n skakel in die lang ketting van mense wat op direkte en indirekte wyse maar nog altyd daar was, en besig was om God se Woord te wil boei nie. Paulus skryf nou letterlik van sy laaste woorde op aarde – die mens sonder mense- maar die mens met God- 2 Timotheus 4:16- *Toe ek my die eerste keer voor die hof moes verdedig, het niemand my bygestaan nie; almal het my in die steek gelaat. Mag God hulle dit nie toereken nie!*

In hierdie laaste dae, selfs dalk in van sy laaste ure het Paulus gevra na basiese dinge. Hy vra 'n jas, of dan nou 'n reismantel. Iewers met die sendingreise het hy sy enigste jas by Carpus in Troas vergeet. Al weet Paulus sy heengaan is naby, kan dit dalk tog net wees dat ek nog hierdie winter in die tronk en in kettings aan my voete en boei aan my hande moet deurbring, dan sal die jas my darem teen die koue help, al kan niks my teen die boei help nie. Maar ons hoor Paulus nie net na sy jas vra nie, hy vra na dokumente, hy noem dit boeke, veral die perkamente...Hy skrif vir Timotheus (2 Tim.4:13- *As jy kom, moet jy die reismantel saambring wat ek by Karpus in Troas laat bly het, en ook die boeke, veral die perkamente.*

As ons Paulus na boeke hoor vra, perkamente, hoe kan dit anders? - Hy vra na die Woord van God! So ironies tog, die Woord moet nou na my toe kom, want ek kan nie meer na die Woord toe gaan nie. Ek kan glad nie meer met die Woord uitgaan nie. Maar my troos is daar, dit is 'n sekerheid, vas en seker, hulle het vir my geboei, maar die woord van God is nie gebonde nie. Die Woord kan en sal nog na my toe kom...*die Woord van God is nie gebonde nie.* Dit bring my dan reeds by ons tweede gedagte:

Waarom die Woord van God nie geboei kan word nie?

Is dit vir u vandag van groot belang, broeder en suster, om dit te weet? Dat niemand die Woord van God kan en durf vasmaak nie. As u dit só verstaan, dan verstaan u wel iets van reformasie. Dit wat vir ons as gereformeerdes vandag die hammerslae van Luther se 95 stellinge moet laat hoor- Christus, en genade, en geloof, ja, in dit alles en met dit alles, kom die Woord van God. Wees jy vas aan die Woord om dan juis vry in Christus te wees.

In die tronk is Paulus vasgekluis, maar as hy daar in Christus sterf, watter tronk sal daar kan wees, wat sy siel kan keer om by Christus uit te kom. Dit is wat vryheid in Christus beteken. Niks kan my keer om by Christus uit te kom nie. Sy Woord (ook Sy Woord in my) is nie gebonde nie. Paulus was so 'n groot deel van sy lewe 'n reisende mens. Op baie plekke en tussen baie mense het hy gereis, drie reise wat so groot was, dit word genoem sendingreise. Op al die reise het hy eintlik maar net voor almal en vir almal kon wys – die Woord van God kan nie geboei word nie. Nou is die dae van reis verby, maar die reis van die Woord gaan mense nie stop nie.

Die Evangelie het 'n voortgang, het 'n krag, het 'n ontplooiing wat jy mens nie kan teëgaan nie. Trouens wie Handeling lees, die boek wat Lukas geskryf het, en mens lees Paulus se briewe, dan gaan dit in Handeling oor die uitbreiding van God se Koninkryk, en by Paulus gaan dit oor die ontvouing van God se Koninkryk, maar sou ons kyk na die Koninkryk in sy uitbreiding en ontvouing, dan bly dit 'n geval van die Woord wat nie gebind kan word nie.

Die eenvoudige rede hoekom 'n mens nie die Woord van God kan boei nie, is omdat die God van die Woord nie geboei kan word nie. As Job in sy unieke pad wat hy met die Here geloop het, God waarlik leer ken dan doen hy dit dikwels met die gedagte van God kan nie geboei word nie. God wat die Skepper is van hemel en aarde, Hy het die bande van die Sewe-ster geknoop. God vra of iemand die toue van die Orion kan losmaak? Die sterreruim, die lugruim, die sterregewemel is deur God so aanmekaar geboei, wie is daar wat dink om vir God te wil boei. Dit word een boei-gedagte, want vra die Here vir Job

kan jy 'n buffel aan 'n ploeg vasboei. Sal jy 'n krokodil so kan boei dat jou dogtertjie met die krokodil kan speel. Kan jy? As ons nie eers dit wat geskape is behoorlik kan boei nie, hoe kan ons die grote God wil boei. So min soos wat ons God kan boei, so min kan die Woord van God deur ons geboei word.

Dit is so belangrik om hierdie dinge te weet, broeder en suster. Ons en ons kinders moet dit weet. 'n Mens kry krag as jy dit weet en jy dit verstaan. Die ware aard en verstaan van die Woord, dit waarby die ware reformasie 'n mens wil bring, altyd terug na die Woord, dit gee mens krag. Soos Paulus met Timotheüs praat dan gaan dit in hoofstuk 2 – 4 oor volharding in die bediening. Terwyl hoofstuk 1 eerste staan nl. volharding in jou persoonlike geloofslewe. Die volharding in jou persoonlike geloof is absoluut die voorvereiste voor jy in die bediening sal kan volhard.

Broeder en suster, die ongebonde Woord waarin jy moet volhard het alles het te make om te volhard met die genade wat daar in Christus Jesus is. Hoe mooi stel Paulus hierdie volharding aan die begin van hoofstuk 2 – *Jy dan my seun, wees sterk...* Elke vers in hoofstuk 2 is dan 'n vers in terme van volhard- volhard. Vers 1-2 word Timotheüs aangemoedig om te volhard in dit wat hy geleer het (dit kom later nog weer duideliker terug- 3:14), maar Timotheüs soos by 'n goeie soldaat, en by 'n goeie atleet en soos by 'n goeie boer, moet jy die harde lesse van volharding nog duideliker raaksien. 'n Soldaat moet net soldaat wees- hier is die vergelyking van hy moet hom uithou uit die siviele lewe. *Niemand wat 'n krygsman is wikkel hom in die werksaamhede van die lewensonderhoud nie...*

Die inwikkel het die gedagte van vasdraai- Die woord in die Grieks- *empleko*- wanneer 'n boer se wolskape in dorings vashaak en hulle dan al vaster draai. Sien u die kontras met die Woord wat nie gebonde is nie- dit kan nie soos 'n skaap in sy lang wol vasdraai nie...

Op die einde is die hoogste openbaring van volharding Jesus Christus Self. As Paulus klaar gepraat het oor die soldaat en die atleet en die boer, en hoe die boer mag kompenseer- 2 Tim 2:6 - *Die boer wat die harde werk doen, behoort eerste 'n deel van*

die oes te kry. Dan sê Paulus- Dink na oor wat ek sê; die Here sal jou insig gee om alles te verstaan. 8 Onthou altyd dat Jesus Christus, 'n nakomeling van Dawid, uit die dood opgewek is. Dit is die evangelie wat ek verkondig. Volharding en bemoediging trek in Jesus Christus saam. Alles trek in Christus saam. Ook dit wat ons verder hoor – vers 8- Jesus is teenwoordig- Hy is opgewek- vers 9- die krag van sy Woord- ook vers 10- die volmaaktheid van sy uitverkiesing – Paulus sê Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlijkheid kan ontvang. 11 Dit is 'n betroubare woord ...

Om sterk te wees, om te volhard, om te weet die Woord is nie gebonde nie, is om Jesus Christus die vleesgeworde Woord op twee maniere raak te sien. Ons sien Hom met boeie. Ons sien Hom sonder boeie. Toe Jesus op aarde was kon Hy geboei word. Hy is geboei. In Getsamené, weer 'n tuin, word die tweede Adam gevang, Hy word geboei, Hy word weggelei, sy boeie word spykers as hulle letterlik aan die kruis spykers deur sy hande slaan, dan is sy hande aan die kruishout vasgeboei. Hy gaan die dood in- die dood boei Hom! Maar hier breek die boeie.

Toe Jesus uit die dood opstaan, toe kon Hy nooit, nooit weer geboei word nie. Niemand sal weer dit kan waag om 'n boei naby Christus te bring nie. Hy is in die hemel waar Hy aan God se regterhand is, maar sonder boeie. Hy regeer vandaar met sy ongebonde Woord en sy Heilige Gees. Sy Heilige Gees kan net so min geboei word. Op Pinkster gebeur daar 'n paar dinge. Daar begin 'n verskriklike rukwind te waai, daar kom vuurvlamme wat soos tonge op die mense gaan sit. Wie kan vuur boei, wie kan wind boei, net so min kan ek of jy die Woord van God boei. Op grond van dieselfde krag en sterkte werk ons vandag met die Woord wat nie gebonde is nie, want Jesus en sy Heilige Gees kan nie geboei word nie.

Laat ons op hierdie besondere Sondag afsluit met die groot gedagte- Die Woord, die Woord van God kan nie geboei word. DV dan volgende Sondag by die doop van 'n kindjie laat ons hierop terugkom, want die groot vraag sal altyd wees, of ek nog 'n

babatjie is of al 'n grootmens, ek moet kan antwoord - Wat hierdie ongebonde Woord van u en my vra ...

AMEN